higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INSTANDHOUDINGSBESTUUR: BOERDERY N4

7 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
- Werknemers moet aangemoedig word om te alle tye veiligheidsklere te dra en veiligheidstoerusting te gebruik.
- Volgens wet moet alle werksplekke beskik oor 'n ontsnappingsplan vir noodgevalle.
- Werknemers moet ingelig word oor die ontsnappingsprosedure en opgelei word om dit na te kom.
- Opleiding oor die veiligheidsreëls en -regulasies moet aan alle werknemers verskaf word.
- Kommunikasiestelsels moet geredelik beskikbaar wees vir noodgevalle. Telefone en tweerigtingradio's is baie belangrik. (5 × 1) (5)

1.2
1.2.1	I
1.2.2	J
1.2.3	G
1.2.4	H
1.2.5	E
1.2.6	F
1.2.7	C
1.2.8	D
1.2.9	A
1.2.10	B

(10 × 1) (10)
[15]

VRAAG 2

2.1
- Die inlaatklep gaan oop.
- Die uitlaatklep gaan toe.
- Die suier beweeg afwaarts
- en skep 'n vakuum in die silinder.
- Die lug-brandstofmengsel word in die silinder ingetrek. (5 × 1) (5)

2.2



(5 × 1) (5)

2.3 • Die lugverkoelde stelsel benut lug✓ om die hitte✓ deur middel van vinne✓ uit die enjin te verwyder, terwyl die waterverkoelde stelsel water✓ benut om die hitte✓ uit die enjin te verwyder vanwaar dit die verkoeler✓ binnegaan waar die water weer verkoel word. (6 × 1) (6)

2.4 • Druksmering
• Spattoevoer (2)

2.5 A Krukas of entplaat
B Leilaer
C Vliegwiel
D Ontkoppellaer
E Koppelaarplaat/-skyf
F Drukplaat
G Ingangsas (‘Input shaft’)
H Ontkoppelvurk (‘Release fork’) (8)
[26]

VRAAG 3

3.1 Onwaar
Dit is die verantwoordelikheid van die werkgewer om ‘n veilige plek te voorsien. (2)

3.2 Onwaar
Dit is die verantwoordelikheid van die werknemer om onveilige toestande te rapporteer. (2)

3.3 Waar (1)

3.4 Waar (1)

3.5 Waar (1)

3.6 Onwaar
Moenie elektriese kabels/verlengsnoere onder matte deur laat loop nie. (2)

3.7 Waar (1)
[10]

VRAAG 4

4.1
- Tik/bik
- Krap/slaan (2)

4.2



(Enige toepaslike 6 × 1) (6)

4.3 Hoë gehalte,✓ lae waterstof,✓ doel is sweis van sagte staal
(Enige toepaslike 2 × 1) (2)

4.4
- Swak versmelting word verkry.
- 'n Growwe sweislas is die resultaat.
- Daar is talle spatsels.
- Die boog is onstabiel en moeilik om te beheer. (Enige toepaslike 4 × 1) (4)

[14]

VRAAG 5

5.1 $\frac{1}{Rt} = \frac{1}{R1} + \frac{1}{R2} + \frac{1}{R3}$✓

$\frac{1}{R} = \frac{1}{4} + \frac{1}{6} + \frac{1}{8}$✓

$\frac{1}{R} = \frac{6}{24} + \frac{4}{24} + \frac{3}{24}$✓

$\frac{1}{R} = \frac{13}{24}$✓

$\frac{R}{1} = \frac{24}{13}$✓

$Rt = 1{,}846\ \Omega$✓ (6)

5.2 As die linkerhand gebruik word, dui die wysvinger✓ die rigting van die magnetiese vloed✓ wat van noord na suid vloei aan, die middelvinger✓ dui die vloei van die stroom✓ in die geleier aan, en die duim✓ dui die rigting✓ van beweging aan. (6)

5.3 5.3.1 Ampère/Stroomsterkte
5.3.2 Volt/Spanning
5.3.3 Ohm

(3 × 1) (3)
[15]

VRAAG 6

6.1



(6)

6.2
- *Beton* word gebruik vir fondamente en vloere.
- *Dagha* word gebruik tussen bakstene wanneer mure gebou word.
- *Pleister* word gebruik aan die binnekant of buitekant van mure om dit af te werk. (3 × 1) (3)

6.3



(4)

6.4
- Hitte-isolering
- Waterisolering
- Maak voorsiening vir elektriese en waterpype (2 × 1) (2)

6.5
- Kalkgepleisterde mure hou al vir duisende jare; water het geen uitwerking daarop nie en hulle word nie sag of los op soos gipspleister of pleisterbord nie.
- Anders as gipspleister of pleisterbord is kalkpleister duursaam genoeg, en genoeg bestand teen die elemente, om vir eksterne pleisterwerk gebruik te word.
- Wanneer dit verhard, word kalkpleister 'n baie harde en soliede massa wat uiters duursaam is.
- Vergeleke met sementpleister is kalkpleister minder bros en kraak dit baie minder; om die rede is uitsitvoeë nie nodig nie.
- Die verhoogde pH van die kalk in die pleister dien ook as 'n swamdoder; muf groei nie in kalkpleister of op hout wat daar naby is nie.

(Enige toepaslike 2 × 1) (2)

6.6 Bouprofiele is hout-/staalstrukture✓ wat help met die uitleg van fondamente✓ en mure.✓ (3)

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou